2. Dat kennis geneem word dat veelvuldige aansoeke welke aan die GIA beleid voldoen, nie afsonderlik oorweeg kan word nie, maar 'n eenmalige oorbetaling aanbeveel word om te voldoen aan Klousule 6.3, *"No transfer may be made which exceeds R10 000 per organization or body per annum, except for allocations to organizations which in terms of an agreement perform a municipal function on behalf of the Municipality"*. Hiermee saamgelees Klousule 6.4.7 *"where the allocation will constitute a second allocation per financial year"*.
3. Dat kennis geneem word dat geen aanbeveling gemaak kan word vir administratiewe of lopende kostes of roerende bates nie.
4. Dat die befondsing binne beskikbare begroting geskied ingevolge Klousule 11.4.1 (ii) **Befonds word uit die posnommer 211025990811GTPVZZWM waar bedrag van R110 000 beskikbaar is.**
5. Dat die volgende aanbevelings met betrekking tot Sosiale Ontwikkeling aansoeke aan die Komitee voorgelê word vir oorweging:

GRANT-IN-AID AANSOEKE 2025/2026- SOSIAAL

Opsomming:

Daar was 'n totaal van nege en twintig (29) aansoeke ontvang en nege (9) was afgekeer omdat dit nie voldoen aan die vereistes, soos uiteengesit in die Grant in Aid Beleid.

Die begroting beskikbaar was R 110 000.00 en was dit gelyk opgedeel tussen die kwalifiserende aansoekers en was 'n bedrag van R5500.00 allokeer aan elkeen.

ORGANISASIE	TIPE ORGANISASIE	KONTAK PERSOON	KONTAK NR EN ADRES	AANTAL VRYWILLIGERS OF PERSONEEL	WATTER DIENSTE WORD VOORSIEN	AANVRAAG	OPMERKING
1.Kleine Diamantjies Dag en Nasorg Sentrum	NPO Sertifikaat aangeheg	Petro Josphe Leduman Abelse	076 403 3593/072 630 5000 Schierhout straat 292, Heidelberg	3 voltydse werknemer 2 deeltydse werknemers 1 deeltydse vrywilligers	ECD sentrum vir voorskoolse kinders tussen die ouderdom van een (1) en vyf (5) jaar, asook 'n nasorg program	R12 000.00 – Aankoop van opvoedkundig speelgoed, klank toerusting, buite-spel toerusting.	Dokumente aangeheg: 1.Registrasie sertifikaat 2.Konstitusie 3.Inkomste en uitgawe staat 4.Begroting met motivering 5.Besigheidsplan

<u>Aanbeveling:</u> Dat die aansoek goedgekeur word en dat 'n bedrag van R 5500.00 beskikbaar gestel word vir die aankoop van opvoedkundige speelgoed. Aanbeveling word goedgekeur deur Grant In Aid komitee, n bedrag van R5800.							
2.Kleine Pikkewyne Creche	NPO (sertifikaat nie aangeheg)	Chastity Swartboo Heile Vaaltyb	079 667 1300/065 738 7560 Theo Adams Rylaan, Heidelberg	4 voltydse werknemer 2 voltydse vrywilligers	ECD sentrum vir voorskoolse kinders tussen die ouderdom van een (1) en vyf (5) jaar.	R10 823.07 - Aankoop van opvoedkundige benodighede soos verf en ander kuns materiaal, buite-spel toerusting en stoor bokse.	Dokumente aangeheg: 1. Registrasie sertifikaat 2. Konstitusie 3. Inkomste en Uitgawestaat 4. Begroting en motivering met besigheidsplan
<u>Aanbeveling:</u>							

Dat die aansoek goedgekeur word en dat 'n bedrag van R 5500.00 beskikbaar gestel word vir die aankoop van opvoedkundige speelgoed.

Aanbeveling word goedgekeur deur Grant In Aid komitee n bedrag van R5800.

3.Loving Shepards Christmas Choir	NPO (bewys aangeheg)	Rosline de Jager Allyson Boezak	060 370 4783/ 073 512 0637 Flucks straat 106, Slangrivier	84 voltydse vrywilligers	Die organisasie leer jeugdige om musiek instrumente te speel, doen ook optredes by kerke en/of soos versoek.	R10 000.00, vir die herstel van musiekinstrum ente, aankoop van uniforms vir nuwe lede asook vervoer onkoste.	Dokumente Aangeheg: 1.Registrasie sertifikaat 2. Konstitusie 3. Motivering 4. Inkomste & Uitgawe staat 5. Finansiële staat 6. Besigheidsplan met motivering
---	-------------------------	--	--	-----------------------------	---	---	---

Aanbeveling:

Dat die aansoek goedgekeur word en 'n bedrag van R5500.00 allokier word vir vervoer onkoste.

Aanbeveling word goedgekeur deur Grant In Aid komitee n bedrag van R5800.

4.Lukhanyo Kleuterskool	NPO (Sertifikaat aangeheg)	Anneline Robertso n Denise Benn	061 027 4456/ 078 609 2608 Dahlia straat 6, Riversdal	5 voltydse werknemer 1 deeltydse werknemer	ECD Sentrum vir voorskoolse leerders wat ontwikkeling en opvoeding bevorder. Die sentrum het ook 'n nasorg wat daaglik 33 leerders akkommodeer.	R10 000, vir die aankoop van voedsel vir die leerders	Dokumente Aangeheg: 1. Registrasie sertifikaat (NPO) 2. Konstitusie 3. Besigheidsplan 4. Motivering 5. Finansiële staat 6. Inkomste en uitgawe staat
<u>Aanbeveling:</u> Dat die aansoek word goedgekeur word en 'n bedrag van R5500.00 beskikbaar gestel word vir aankoop van voedsel produkte. Aanbeveling word goedgekeur deur Grant In Aid komitee n bedrag van R5800.							

5.Noyoti Church in Zion S.A.	NPO (Sertifikaat aangeheg)	Mofo Breakfast Amos Jada	076 324 7746/ 070 507 0583 Suikerbos straat 9, Kwanokuthula, Riversdal	6 voltydse vrywillige werkers 4 deeltydse vrywilligers	Geestelike en fisiese welstand dienste aan die gemeenskap.	R 10 000.00 vir die aankoop van boumateriaal	Dokumente Aangeheg: 1.NPO Sertifikaat 2.Kontitusie 3. Motivering
------------------------------	-------------------------------	---------------------------------	---	---	--	--	---

Aanbeveling:

Dat die aansoek nie goedgekeur word nie aangesien die organisasie kapitale aankope wil doen.

Grant in Aid ontstaan by aanbeveling

6.Old Free Church of Christ Zion	NPO (Sertifikaat aangeheg)	Jongi Teyisi Thami Makolwane	028 713 8000/081 073 0626 / 078 325 8641 Mfuleni straat 22, Kwanokuthula, Riversdal	16 voltydse vrywillige werkers 16 voltydse werkers 3 deeltydse werkers 7 voltydse vrywilligers 108 Deeltydse vrywilligers	Geestelike leiding aan te bied vir die gemeenskap.	R10 000, nie gespesifiseer nie	Dokumente Aangeheg: 1. Konstitusie 2. Registrasie sertifikaat (NPO)
----------------------------------	-------------------------------	-------------------------------------	---	--	--	--------------------------------	---

Aanbeveling

Dat die aansoek nie goedgekeur word nie aangesien stawende dokumente nie aangeheg is nie. Daar is ook geen motivering en uiteensetting van hoe fondse spandeer gaan word nie.

Grant in Aid volstaan by aanbeveling

7.Ouma Lena se huis (Badisa)	NPO (Sertifikaat aangeheg)	Dr MS Strydom Me M Marais	082 416 8171/072 060 2946 H/V Freezia en Rooipitjie straat, Melkhoutfontein	4 voltydse werknemers 1 deeltydse werknemers 24 deeltydse vrywillige werkers	Na-skool program wat 'n veilige hawe skep vir 77 leerders daagliks. Sluit ook in 'n ECD Sentrum, opvoedingsprogramme, asook naweek programme,	R10 000.00 vir die uitrol van gemeenskap opheffings programme, voedsel aankope vir die nasorg program asook jeug ontwikkelingsprogramme	Dokumente aangeheg: 1.Besigheids plan 2. Inkomste & Uitgawe staat 3. Finansiële staat 4.Motivering 5. Konstitusie 6. Registrasie sertifikaat (NPO) 7. Bewys van bankrekening 8. Geouditeerde finansiële staat
------------------------------	----------------------------	----------------------------------	--	--	---	---	---

Aanbeveling

Dat die aansoek goedgekeur word en 'n bedrag van R5500.00 allokeer word vir die versterking van huidige programme.

Aanbeveling word goedgekeur deur Grant In Aid komitee n bedrag van R5800.

8.Project Stillwater	NPO (sertifikaat aangeheg)	Jacoba Swanepoel Dave Pitt	072 251 3329/ 083 648 8942 Stompneus Singel 5, Stilbaai	5 deeltydse werknemers 8 deeltydse vrywillige werkers	Verbetering van minderjarige kinders se omstandighede deur middel van sport en terapeuties dienste	R16 670.00 aanbieding en versterking van huidige programme	Dokumente aangeheg: 1. Registrasie sertifikaat (NPO) 2. Konstitusie 3. Bankstaat 4. Finansiële verslag 5. Motivering 6. Geouditeerde finansiële verslag 7. Inkomste en uitgawestaat 8. Besigheidsplan
<u>Aanbeveling:</u> Dat die aansoek goedgekeur word en 'n bedrag van R5500.00 allokeer word vir die versterking van huidige programme. Aanbeveling word afgekeur deur Grant In Aid komitee							
9.Siyazama Kwonokuthula	NPO (sertifikaat aangeheg)	Sindiswa Xhalekhe	078 601 0094/ 078 568 3588	7 voltydse vrywillige werker 2 deeltydse vrywillige werker	Bejaarde klub wat ook die volgende dienste lewer: Sopkombuis vir kinders	R10 000 vir die aankoop van potte asook sweetpake vir die bejaardes	Dokumente aangeheg: 1.NPO registrasie

		Virginia Tayi	Mfulenistraat 22, Kwanokothula, Riversdal		• Handvaardighede soos naaldwerk en kralewerk • Sportaktiwiteite vir bejaarde persone • Tuis besoeke na bejaardes wie versorging benodig • Gesondheidsdienste	betrokke by die klub	2. Konstitusie 3. Bewys van bankrekening 4. Inkomste staat 5. Brief rakende vorige befondsing ontvang 6. Motiverings brief
--	--	---------------	---	--	--	----------------------	--

Aanbeveling:

Dat die aansoek nie goedgekeur word nie aangesien die organisasie die fondse vir kapitale aankope wil gebruik.

Grant in Aid volstaan by aanbeveling

10. Soetfontein Senior Klub	NPO (sertifikaat aangeheg)	Albert Cloete David October	079 993 1673/ 071 568 8383 Bellman straat 20, Melkhoutfontein	7 voltydse vrywillige werkers 22 deeltydse vrywillige werkers	Senior Klub wie dienste lewer aan bejaarde persone in Melkhoutfontein. Dienste sluit in gesonde leefstyl aktiwiteite, geestelike en emosionele ondersteuning en	R 10 000.00 vir die aankoop van voedsel, skoonmaak middels en kombuis benodighede soos potte en eetgerei.	Dokumente Aangeheg: 1. Begroting 2. Motiverings brief 3. Bewys van bankrekening 4. NPO sertifikaat 5. kwotasies
-----------------------------	----------------------------	------------------------------------	---	--	---	---	--

					voedsel hulp aan persone in nood.		6. Inkomste en uitgawe staat.
<u>Aanbeveling:</u> Dat die aansoek goedgekeur word en 'n bedrag van R5500.00 allokeer word vir die aankope van voedsel produkte. Aanbeveling word goedgekeur deur Grant In Aid komitee n bedrag van R5800.							
11.Suzie's Sopkombuis	NPO (Sertifikaat aangeheg)	Susanna Cellie Denice Marais	Kerkhoutstraat 3491, Heidelberg	5 voltydse vrywillige werker 5 deeltydse vrywillige werker	Sopkombuis, voorsien gekookte maaltye twee keer per week, voorsien ook kospakkies aan bejaarde persone en neem persone na kliniek afsprake.	R 30 000 vir die aankoop van potte en gas potte asook gas uitgawes.	Dokumente Aangeheg: 1.NPO sertifikaat 2.Konstitusie 3.Kwotasie 4.Inkomste en uitgawe staat 5.Finansiële state 6.Besigheidsplan
<u>Aanbeveling:</u> Dat die aansoek nie goedgekeur word nie aangesien die organisasie kapitale aankope wil doen. Grant in Aid volstaan by aanbeveling							

12.The Triberia Apostolic Church	NPO (Sertifikaat aangeheg)	Thamsanqua Mthodi Noxolo Kondile	078 145 8232/072495 1731 Morris Lucasstraat 40, Kwanokuthula, Riversdale	50 voltydse werknemers (lede) 7 deeltydse werknemers 3 voltydse vrywillige werkers 10 deeltydse vrywillige werkers	Om geestelike leiding te bied aan die gemeenskap. Wil ook voedsel hulp aanbied aan persone in in nood.	R10 000 vir die aankoop van boumateriaal om die kerk te bou.	Dokumente Aangeheg: 1.Motiverings brief 2.Inkomste en uitgawe staat 3.Bewys van bankrekening 4.Motiverings brief
<u>Aanbeveling:</u> Dat die aansoek nie goedgekeur word nie aangesien die organisasie kapitale aankope wil doen. Grant in Aid volstaan by aanbeveling							
13.Young Royal Shepards Christmas Band	NPO (Sertifikaat aangeheg)	Johannes Pietersen Nathan Ruiters	065 236 3031/ 083 392 4728 Steward straat, Heidelberg, 6665	68 voltydse vrywillige persone	Lewer dienste aan skole waar leerders blootgestel word aan musiek en word ook geleer om musiek instrumente te speel	R 10 000 vir vervoerontkoste om 'n musiek kompetisie deel te neem.	Dokumente Aangeheg: 1.NPO sertifikaat 2.Grondwet 3.Motiverings brief en begroting

							4.Finansiële state 5.Uiteensetting kan onkoses
<u>Aanbeveling:</u> Dat die aansoek goedgekeur word en 'n bedrag van R5500.00 allokeer word vir vervoer onkoses. Aanbeveling word goedgekeur deur Grant In Aid komitee n bedrag van R5800.							
14.Zodwa's Daycare	NPO (Sertifikaat aangeheg)	Charmaine Biko Mirshall Combi	084 417 7224/ 064 983 0662 Rosebud straat 9, Kwanokuthula, Riversdale	2 voltydse werknemers 2 deeltydse werknemer	ECD sentrum vir leerders vanaf twee (2) tot vyf (5) jaar.	R 5000 vir die aankoop van opvoedkundig e toerusting asook voedsel	Dokumente aangeheg: 1.NPO sertifikaat 2. Konstitusie 3. Inkomste en uitgawe staat 4. Kwotasie 5. Besigheidsplan en motivering
<u>Aanbeveling:</u> Dat die aansoek goedgekeur word en 'n bedrag van R 5500.00 allokeer word vir die aankoop van opvoedkundige speelgoed en voedselprodukte.							

Dat die Grant In Aid Komitee die aanbeveling ondersteun slegs vir bedrag van R5000.00

15.AGS Aloeridge	NPO (PBO sertifikaat aangeheg)	Hadley Jansen Glenville Cupido	067 925 5010/ 078 720 4951 H/V Protea en Aalwynstraat, Riversdale	1 voltydse werker 1 deeltydse werker 5 voltydse vrywillige werkers 12 deeltydse vrywillige werkers	Armoede verligting deur die uitdeel van sop en klere aan persone in nood.	R20 000 vir die aankoop van bulk voedsel produkte asook potte vir die voorbereiding van die sop.	Dokumente Aangeheg: 1.NPO sertifikaat 2.Grondwet 3.Motiverings brief en begroting 4.Finansiële state 5.Prysllys van benodighede
---------------------	--------------------------------------	---	---	---	--	---	---

Aanbeveling:

Dat die aansoek goedgekeur word en 'n bedrag van R 5500.00 allokeer word vir die aankoop van voedselprodukte.

Aanbeveling word goedgekeur deur Grant In Aid komitee n bedrag van R5800.

16.Calitzdorp Uitreik Sopkombuis	NPO (Sertifikaat aangeheg)	Maria Magdalen e Wagenaa r	072 135 5342/ 081 254 7204 Kwikster straat 2, Melkhoutfontein	5 voltydse vrywillige werkers	Armoede verligting deur die voorsiening van sop aan kinders, bejaardes en kroniese siek persone,	Nie gespesifiseer nie, maar wil bulk voedsel produkte aankoop sowel as skoon maak	Dokumente Aangeheg: 1.NPO sertifikaat 2.Grondwet
--	----------------------------------	--	---	-------------------------------------	--	---	---

		Sophie Esau				middels en potte	3.Motiverings brief en begroting 4.Finansiële state 5.Pryslus van benodighede
<u>Aanbeveling:</u> Dat die aansoek goedgekeur word en 'n bedrag van R 5500.00 allokeer word vir die aankoop van voedselprodukte. Aanbeveling word goedgekeur deur Grant In Aid komitee n bedrag van R5800.							
17.Cat's Kitchen	NPO (sertifikaat aangeheg)	Katrina Esau Iceleeb Kayster	073 515 1749/063 206 4387 Hoogbaard straat 479, Slangrivier	2 voltydse werknemers 3 deeltydse werknemer	Sopkombuis wie voedsel verskaf aan persone en gesinne in nood.	R 10 000 vir die aankoop van voedsel produkte	Dokumente Aangeheg: 1.Registrasie sertifikaat 2.Inkomste en uitgawe staat 3.Konstitusie 4.Motiverings brief en begroting
<u>Aanbeveling:</u>							

Dat die aansoek goedgekeur word en 'n bedrag van R 5500.00 allokier word vir die aankoop van voedselprodukte.

Aanbeveling word goedgekeur deur Grant In Aid komitee n bedrag van R5800.

18.Child Welfare Albertinia	NPO (sertifikaat aangeheg)	Maria Mosala Edna Josephs	028 735 1855/065 700 4988 Bokmakierie straat 15, Albertinia	9 voltydse werkers	Welsynsorganisasie wie kinderbeskerming dienste lewer.	R 10 432 vir die implementering van 'n gedragsmodifik asie program	Dokumente aangeheg: 1.Besigheids plan 2. Inkomste & Uitgawe staat 3. Finansiële staat 4.Motivering 5. Konstitusie 6. Registrasie sertifikaat (NPO) 7. Bewys van bankrekening 8. Geouditeerde finansiële staat
--------------------------------	----------------------------------	--	--	-----------------------	--	---	--

Aanbeveling:

Dat die aansoek goedgekeur word en 'n bedrag van R 5500.00 toegeken word.

Aanbeveling word goedgekeur deur Grant In Aid komitee n bedrag van R5800.

19.Child Welfare Heidelberg	NPO (sertifikaat aangeheg)	Luzanne Geldenhuys Mariska Stols	028 722 2396 Geldenhuysweg 10, Heidelberg	7 voltydse werkers 5 deeltydse vrywillige werkers	Welsynsorganisasie wie kinderbeskerming dienste lewer.	R 6056.00 om higiëniese produkte aan te koop vir die Boy/Girl child Program	Dokumente aangeheg: 1.Besigheids plan 2. Inkomste & Uitgawe staat 3. Finansiële staat 4.Motivering 5. Konstitusie 6. Registrasie sertifikaat (NPO) 7. Bewys van bankrekening 8. Geouditeerde finansiële staat
Aanbeveling: Dat die aansoek goedgekeur word en 'n bedrag van R 5500.00 toegeken word. Aanbeveling word goedgekeur deur Grant In Aid komitee n bedrag van R5800.							

20. Disney Troops	NPO (sertifikaat aangeheg)	Elizabeth v.d. Berg	071 861 5664 Lang straat, Riversdale	3 voltydse werkers 1 deeltydse werker	ECD sentrum vir leerders vanaf een (1) tot vyf (5) jaar.	R 10 500.00 vir die aankoop van veiligheidshekk e, matte, verf en opvoedkundige toerusting	Dokumente aangeheg: 1. Besigheids plan 2. Finansiële staat 3. Motivering 4. Konstitusie 5. Registrasie sertifikaat (NPO) 6. Bewys van bankrekening
Aanbeveling: Dat die aansoek nie goedgekeur word nie aangesien organisasie kapitale aankope wil doen. Grant in Aid komitee volstaan die aanbeveling							
21. Evangelical Lutheran Church in SA	NPO (sertifikaat aangeheg)	Jacques Grispe	076 076 3940 Barry straat 48, Riversdale	5 voltydse vrywillige werkers	Sopkombuis, wil voedsel voorsien aan siek persone wie die kliniek besoek	R 10 000 vir die aankoop van skoonmaakmid dels, foam glasies, sop produkte	Dokumente aangeheg: 1. Besigheids plan 2. Finansiële staat 3. Motivering 4. Konstitusie 5. Registrasie sertifikaat (NPO)

							6. Bewys van bankrekening
Aanbeveling: Dat die aansoek goedgekeur word en 'n bedrag van R 5500.00 allokeer word vir die aankoop van voedsel produkte. Aanbeveling word goedgekeur deur Grant In Aid komitee n bedrag van R5800.							
22.Groenie die drakie Dagsorgsentrum	NPO (sertifikaat aangeheg	Ethel Prins Enseline Alberts	063 111 4598 071 925 1948 Skool straat 293, Slangrivier	2 voltydse werkers 2 deeltydse werkers 1 voltydse vrywillige werker 1 deeltydse vrywillige werker	ECD sentrum vir leerders vanaf een (1) tot vyf (5) jaar.	R 30 000.00 vir die aankoop van buite spel apparate, kombuiskaste, skadu nette	Dokumente aangeheg: 1.Besigheids plan 2. Finansiële staat 3.Motivering 4. Konstitusie 5. Registrasie sertifikaat (NPO) 6. Bewys van bankrekening
Aanbeveling: Dat die aansoek nie goedgekeur word nie aangesien die organisasie kapitale aankope wil doen.							

Grant In Aid komitee volstaan die aanbeveling

23.Goukam Health APD	NPO (sertifikaat aangeheg)	Ilza Olivier	081 061 5559 Lang straat 40, Riversdal	11 voltydse werkers 2 deeltydse werkers 3 voltydse vrywillige werkers	NPO wat fokus op dienslewering aan persone met gestremdhede	R 10 000.00 vir die uitrol van verskeie programme	Dokumente aangeheg: 1.Besigheids plan 2. Inkomste & Uitgawe staat 3. Finansiële staat 4.Motivering 5. Konstitusie 6. Registrasie sertifikaat (NPO) 7. Bewys van bankrekening 8. Geouditeerde finansiële staat
----------------------	-------------------------------	--------------	--	---	---	---	---

Aanbeveling:

Dat die aansoek goedgekeur word en 'n bedrag van R 5500.00 toegeken word. **Aanbeveling word goedgekeur deur Grant In Aid komitee n bedrag van R5800.**

24.Heidel Senior Klub	NPO (sertifikaat aangeheg)	Marie Paige Ellie Oktober	072 0582 620 Duiwenhoks Biblioteek, Heidelberg	25 voltydse lede 2 deeltydse vrywillige werkers	Bejaarde klub wat fokus op die welstand van bejaardes, wat insluit voorsiening van voedsel, gesondheidsdienste, geestelike leiding	R 20 000.00 vir die aankoop van kospakkies, elektrisiteit onkoste, huur en die aankoop van 'n Heamoglobin masjien met strips	Dokumente aangeheg: 1.Besigheids plan 2. Inkomste & Uitgawe staat 3. Finansiële staat 4.Motivering 5. Konstitusie 6. Registrasie sertifikaat (NPO) 7. Bewys van bankrekening 8. Geouditeerde finansiële staat
Aanbeveling: Dat die aansoek goedgekeur word en 'n bedrag van R5500.00 allokeer word slegs vir die aankoop van voedsel produkte. Aanbeveling word goedgekeur deur Grant In Aid komitee Aanbeveling word goedgekeur deur Grant In Aid komitee							
25.JF Neuman Mem UCC	NPO (sertifikaat aangeheg)	Rev Morgan Jacobs	028 722 1479/	1 voltydse werker	Geestelike leiding aan die gemeenskap asook ander gemeenskap uitreike.	R 11 000.00 vir vervoerontkoste, skryfbehoeftes,	Dokumente aangeheg: 1.Besigheids plan

		Elizabeth February	Geldenhuis straat, Heidelberg	3 deeltydse werkers 3 deeltydse vrywillige werkers		spyseniering ,materiaal vir die Kultuur en Erfenis Program	2. Inkomste & Uitgawe staat 3. Finansiële staat 4.Motivering 5. Konstitusie 6. Registrasie sertifikaat (NPO) 7. Bewys van bankrekening 8. Geouditeerde finansiële staat
Aanbeveling: Dat die aansoek goedgekeur word en 'n bedrag van R5500.00 allokeer word vir die Kultuur en Erfenis Opvoedkundige Program. Aanbeveling word goedgekeur deur Grant In Aid komitee Aanbeveling word goedgekeur deur Grant In Aid komitee							
26.Jagerbosch Community Care	NPO (sertifikaat aangeheg	Adele Redelingh uys	028 754 1934/ 083 3 02 4513	35 voltydse werkers 3 deeltydse werkers	Mediese dienste	R120 000 vir Jagersbosch en Kwikkies (program wat dienste lewer aan persone	Dokumente aangeheg: 1.Besigheids plan 2. Inkomste & Uitgawe staat

			Buitekant straat 1, Stilbaai	10 voltydse vrywillige werkers 5 deeltydse vrywillige werkers		met gestremdhede) R 100 000 vir die HBC program	3. Finansiële staat 4. Motivering 5. Konstitusie 6. Registrasie sertifikaat (NPO) 7. Bewys van bankrekening 8. Geouditeerde finansiële staat
Aanbeveling: Dat die aansoek goedgekeur word en 'n bedrag van R5500.00 allokier word vir die Kwikkies program. Aanbeveling word goedgekeur deur Grant In Aid komitee Aanbeveling word goedgekeur deur Grant In Aid komitee							
27. Kerneelsie Cares NPC	NPO (sertifikaat aangeheg)	Jacolene vd Berg	082 079 6825 Badenhorst straat 5, Albertinia	2 voltydse vrywillige werkers 12 deeltydse vrywillige werkers	Organisasie bied versorgingsdienste aan diere	R 10 000pm x 12 = R120 000 vir vervoerkoste , verskeie behandeling vir diere	Dokumente aangeheg: 1. Besigheids plan 2. Inkomste & Uitgawe staat 3. Finansiële staat 4. Motivering 5. Konstitusie

							6. Registrasie sertifikaat (NPO) 7. Bewys van bankrekening 8. Geouditeerde finansiële staat
Aanbeveling: Dat die aansoek goedgekeur word en 'n bedrag van R5500.00 allokeer word. Aanbeveling word goedgekeur deur Grant In Aid komitee Aanbeveling word goedgekeur deur Grant In Aid komitee							
28.Klein Begin Kleuterskool	NPO (sertifikaat aangeheg)	Analien Boshoff	083 5495288 St. Augustine	3 voltydse werkers 1 deeltydse werker 2 deeltydse vrywillige werkers	ECD sentrum vir leerders vanaf een (1) tot vyf (5) jaar.	R50 000 vir aankoop van 'n heining, elektrisiteit aankoppeling	Dokumente aangeheg: 1.Besigheids plan 2. Inkomste & Uitgawe staat 3. Finansiële staat 4.Motivering 5. Konstitusie 6. Registrasie sertifikaat (NPO)

Aanbeveling:

Dat die aansoek nie goedgekeur word nie aangesien die organisasie kapitaal aankope wil doen.

Grant In Aid Komitee volstaan aanbeveling

29.Hessequa Skouspel Club	NPO (Nog in proses om te registreer)	Ignatius Scholtz	082 496 2538 Nerina straat 4, Stilbaai	10 voltydse werkers 40 deeltydse werkers 15 voltydse vrywillige werkers 15 deeltydse vrywillige werkers	Organisasie fokus op musiek ontwikkeling en musikale optredes	R10 000 vir die Skouspel	Dokumente aangeheg: 1.Konstitusie
---------------------------	--------------------------------------	------------------	---	--	---	--------------------------	--

Aanbeveling:

Aansoek word nie goedgekeur aangesien geen stawende dokument aangeheg is nie.

Grant In Aid Komitee volstaan die aanbeveling

5.1 Dat die Sosiale Ontwikkelings aansoeke volgens Skedule A ondersteun en befonds word uit Posnommers 211025990811GTPVZZWM.

5.2 Dat beskikbaar fondse R110 000 en toekenning uit hierdie posnommers R 98 500.00 beloop.

5.3 **SKEDULE A: GRANT-IN-AID AANSOEKE SOSIALE ONTWIKKELING KATEGORIE**

6. Dat die aansoeke aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê word vir goedkeuring.

7. Dat die Uitvoerende Burgemeester 'n geleentheid skeduleer vir oorhandiging van finansiële bydraes aan begunstigdes en ondertekening van MOA.

Voorstel Rdl BD Smith, sekondant Rdl HJ Saayman

7.1.8 GRANT-IN-AID" AANSOEKE 2025 – 2026 FINANSIELE BOEKJAAR – SPORT AANSOEKE

File number / Verwysingsnommer: GIA 5/14/1

Meeting date / Vergadering datum: 25 September 2025

Report by / Verslag deur: Hoofklerk Skakelbeampte: Uitvoerende Burgemeester – Mnr. Darren Pieterse

RESOLUTION / BESLUIT

1. Dat kennis geneem word dat die Hessequa Sportraad 19 aansoeke oorweeg het op 3 September 2025, en aanbevelings aan die GIA komitee gemaak het.
2. Dat kennis geneem word dat veelvuldige aansoeke welke aan die GIA beleid voldoen, nie afsonderlik oorweeg kan word nie, maar 'n eenmalige oorbetaling aanbeveel word om te voldoen aan Klousule 6.3, *"No transfer may be made which exceeds R10 000 per organization or body per annum, except for allocations to organizations which in terms of an agreement perform a municipal function on behalf of the Municipality"*. Hiermee saamgelees Klousule 6.4.7 *"where the allocation will constitute a second allocation per financial year"*.
3. Dat kennis geneem word dat geen aanbeveling gemaak kan word vir administratiewe of lopende kostes of roerende bates nie.
4. Dat die befondsing binne beskikbare begroting geskied ingevolge Klousule 11.4.1 (ii) **Befonds word uit die posnommer 211025989621GTTWZZWM waar bedrag van R145 000 beskikbaar is.**
5. Dat die volgende Sport aansoeke aan die Komitee voorgelê word vir oorweging:

GRANT-IN-AID SPORT AANSOEKE 2025/2026

NOTA:

1. Die totale beskikbare bedrag vir sport ontwikkelingsprogramme beloop R145 000.00.
2. Altesaam 19 aansoeke is ontvang, en elkeen voldoen aan die vereistes van die Grant-in-Aid-Beleid.
3. Die beskikbare fondse is gelykop verdeel tussen die aansoekers, met uitsondering van die Slangrivier (River Valley) Senior Burger klub, wat 'n bedrag van R6 000.00 ontvang het, soos versoek in hul aansoekvorm maar is afgekeur. Die oorblywende aansoekers het elk 'n toekenning van R7 700.00 ontvang.

ORGANISASIE	TIPE ORGANISASIE	KONTAK PERSOON	KONTAK NR EN ADRES	AANTAL VRYWILLIGERS OF PERSONEEL	WATTER DIENSTE WORD VOORSIEN	AANVRAAG	OPMERKING
1.Arrows Rugby Voetbal Klub	Sport Klub Affiliatie by Hessequa Sportraad en SWD Rugby Voetbal Unie	Lesley Hartnick (Voorsitter)	060 552 2876 Port Beaufort Straat, Slangrivier	2 x Mediese beamptes 3 x Vrywilligers 1 x Deeltydse Vrywillige	Sport en Rekreasie Programme Rugby Aktiwiteite en Gemeenskap Uitreik Projekte	R20 000.00 vir vervoer onkoste.	Dokumente aangeheg: 1.NPO Registrasie 2.Affiliatie brief SWD Rugby Voetbal Unie 3.Konstitusie 4. Begroting en motivering 5. Besigheid plan

Aanbeveling:

Daar word aanbeveel dat 'n bedrag van R7 700.00 aan Arrows Rugby Voetbal Klub toegeken word vir ondersteunings doeleindes. Die aansoek voldoen aan die vereistes soos uiteengesit in die "GIA-beleid."

Word aanbeveel deur Grant In Aid komitee vir vervoer uitgawes na wegwedstryde, 'n bedrag van R8050.

2.Klipdrif Hoogte Domino Klub	Sport Klub Affiliatie by Hessequa Sportraad	Freddie Adams	0760965707 Panorama straat 336	NVT	Wil die spelers geleentheid bied om hoë standaard te handhaaf en om deel te neem aan verskeie kompetisies.	R20 000 vir Vervoer en spyseniering	Dokumente Aangeheg: 1.Grondwet 2. Affiliatie brief 3. Uiteensetting Begroting 4. Bank bevestigings brief
-------------------------------	--	------------------	--	-----	---	---	---

Aanbeveling:

Daar word aanbeveel dat 'n bedrag van R7 700.00 aan die Klipdrif Hoogte Domino Klub toegeken word vir vervoer en spyseniering tydens toernooie. Die aansoek voldoen aan die vereistes van die "GIA-beleid."

Word aanbeveel deur Grant In Aid komitee vir vervoer uitgawes na wegwedstryde en spyseniering tydens toernooie, 'n bedrag van R8050.

3.Riversdal Tafel Tennis Klub	Sport klub Affiliatie by Eden Tafel Tennis Federasie	Philip Hendricks	072 996 4554 Posbus 538 Riversdal	NVT	Geleenthede te bied vir jeug in die Hessequa om te kan deelneem aan tafeltennis. Wil ook 'n gesonde verhouding bou met ander sportsoorte.	R25 000 vir toerusting, vervoer en bemarking materiaal.	Dokumente Aangeheg: 1.Affiliatie brief 2.Bewys van bankrekening 3.Besigheidsplan 4.Begroting en motivering 5.Konstitusie
-------------------------------	--	---------------------	---	-----	--	---	--

Aanbeveling:

Daar word aanbeveel dat 'n bedrag van R7 700.00 aan die Riversdal Tafeltennis klub toegeken word vir die aankoop van toerusting en bemarkingsmateriaal, soos uiteengesit in die aansoek. Die aansoek voldoen aan die vereistes van die "GIA-beleid."

Word aanbeveel deur Grant In Aid komitee vir die aankoop van toerusting en bemarkingsmateriaal, 'n bedrag van R8050..

4.Blues Netbal Klub	Sport Klub Affiliatie by SWD Netbal	Ashleen Prins	0845064672 Posbus 85, Riversdal	30 x deeltydse vrywilligers	Ontwikkeling van jeug se vaardighede om 'n gesonde omgewing te skep.	R17 000 vir vervoer, toerusting	Dokumente aangeheg: 1.Affiliatie brief 2.Begroting en motivering 3.Bankstaat 4.Liga wedstryde 5.Konstitusie
---------------------	---	------------------	---------------------------------------	--------------------------------	---	---------------------------------------	--

Aanbeveling

Daar word aanbeveel dat 'n bedrag van R7 700.00 aan die Blues Netbalklub toegeken word vir vervoer en toerusting, soos versoek in die aansoek. Die aansoek voldoen aan die vereistes van die "GIA-beleid."

Word aanbeveel deur Grant In Aid komitee vir vervoer uitgawes na wegwedstryde, 'n bedrag van R8050.

5.Heidelberg Rugby Klub	Sport Klub Affiliatie by SWD Rugby	Hein Vollenhoven	0634049178 206 Eikeweg, Heidelberg	<u>NVT</u>	Ontwikkeling en speel van rugby in die gemeenskap	R10 000 vir vervoer	Dokumente Aangeheg: 1.Begroting 2.Finansiële state 3.Grondwet
-------------------------	--	---------------------	--	------------	---	------------------------	---

Aanbeveling:

Daar word aanbeveel dat 'n bedrag van R7 700.00 aan die Heidelberg Rugbyklub toegeken word vir vervoer na wedstryde, soos versoek in die aansoek. Die aansoek voldoen aan die vereistes van die "GIA-beleid."

Word aanbeveel deur Grant In Aid komitee vir vervoer uitgawes na wegwedstryde, 'n bedrag van R8050.

6.Riversdal Rugby Klub	Sport Klub Affiliatie by SWD Rugby	Thurlow Herdien	0642915393 Riversdal Dorpsveld erf 3861	NVT	Om 'n verskil te maak in almal se lewens wat hierdie sport aanhang en om die waardes van die lewe op 'n wyse uit te leef waar dit jongmense inspireer om goeie besluite te neem.	R10 000 vir vervoer,	Dokumente aangeheg: 1.Affiliatie brief 2. Begroting en Motivering + Bewys van finansiële verslag 3.Spelbeurt lys 4. Bewys van bankrekening 5. Grondwet
------------------------	--	--------------------	--	-----	--	----------------------	---

Aanbeveling:

Die aanbeveling is dat 'n bedrag van R7 700.00 toegeken word vir Riversdal Rugby Klub vir uitgawes ten opsigte van vervoer. Alle stawende dokumente is aangeheg.

Word aanbeveel deur Grant In Aid komitee vir vervoer uitgawes na wegwedstryde, 'n bedrag van R8050.

7.Heidelberg Krieket Klub	Sportklub Affiliatie by SWD Krieket	Garth Esau	082 806 9502 9 Mervin Joseph	10 x voltydse vrywilligers	Om jong krieket talent in Heidelberg te ontwikkel en te bemark waar hulle blootstelling kan kry wanneer hulle aan	R20 000 vir vervoer	Dokumente aangeheg: 1.Besigheidsplan 2.Affiliatie brief
---------------------------	---	------------	-------------------------------------	----------------------------	---	---------------------	---

			straat, Heidelberg		verskeie kompetisies deelneem.		3.Begroting 4.Inkomste & Uitgawe staat 5.Vervoer kwotasie 6.Konstitusie
<u>Aanbeveling:</u> Die aanbeveling is dat 'n bedrag van R7 700.00 toegeken word vir Heidelberg Krieket Klub vir vervoer uitgawes soos aangedui. Alle stawende dokumentasie is aangeheg. Word aanbeveel deur Grant In Aid komitee vir vervoer uitgawes na wegwedstryde, 'n bedrag van R8050.							
8.River Valley Bejaarde Klub	Nie Winsgewen de Organisasie .	Andrew Lodewyk	062 696 1856 Malgas weg 3889	2 x deeltydse vrywilligers	Doel is om Bejaardes betrokke te kry by sport en om met ander in aanraking te kom en bande te bou.	R6 000 – spesifiseer nie.	Dokumente aangeheg: 1. NPO Registrasie 2. Grondwet (onvolledig) 3. Maandelikse staat 4. Finansiële verslag/state
<u>Aanbeveling:</u> Daar word aanbeveel dat 'n bedrag van R6 000.00 toegeken word, onderhewig aan die verkryging van 'n gedetailleerde motivering en 'n uiteensetting van die voorgenome besteding van die fondse. Aanbeveling deur Grant In Aid Komitee is dat die aansoek onsuksesvol is weens onvolledige dokumentasie.							

GRANT-IN-AID SPORT AANSOEKE 2025/2026

ORGANISASIE	TIPE ORGANISASIE	KONTAK PERSOON	KONTAK NR EN ADRES	AANTAL VRYWILLIGERS OF PERSONEEL	WATTER DIENSTE WORD VOORSIEN	AANVRAAG	OPMERKING
9. Riversdal Muurbal klub	Sport Klub Affiliatie by Hessequa Sportraad en Eden Muurbal asook SA Muurbal	Christelle Oosthuizen	082 690 8399 2 Felecia Straat Riversdal	6x deeltydse vrywilligers	Die bevordering van muurbal. Is 'n goeie sport vir die jeug. Leer die jeug/kinders fiksheid en dissipline Klub-het 9 junior spelers gehad in die klub in 2024.	R17 200 vervoer onkoste	Dokumente aangeheg: 1. Affiliatie brief – klaar betaal aan Eden Muurbal (aangeheg), wag van ontvangs van formele brief van Eden 2. Grondwet 3. Motiverings brief en motivering 4. Bankbesonderhede 5. Inkomste en Uitgawe staat

Aanbeveling:

Die aanbeveling is dat 'n bedrag van R7 700.00 toegeken word vir Riversdal Muurbal Klub vir vervoer uitgawes soos uiteengesit. Alle stawende dokumente is aangeheg.

Word Aanbeveel deur Grant In aid Komitee vir vervoer uitgawes na wegwedstryde, 'n bedrag van R8050.

10. Stilbaai Muurbal Klub	Sport Klub Affiliatie by Hessequa Sportraad, Eden Muurbal en SA Muurbal	Jacqui Kromberg	0832221638 19 Melkboom straat Stilbaai	2x deeltidse vrywilligers	Bestuur Palingat muurbal baan asook ligas en toernooie. Organiseer afrigting en ontwikkeling. Jeug/kinders van alle agtergronde, ouderdom, besigheid manne en vroue, sosiale liga kan deel word by die klub.	R10 000 vir afrigting en Vervoer, ook vir die betaal vir die beplande feeste	Dokumente aangeheg: 1.Affiliatie brief 2.Konstitusie 3.Begroting 4.Besigheidsplan 5.Inkomste en uitgawe staat
<u>Aanbeveling:</u> Die aanbeveling is dat 'n bedrag van R7 700.00 toegeken word vir Stilbaai Muurbal Klub ten opsigte van vervoer uitgawes. Stawende dokumente is aangeheg. Word Aanbeveel deur Grant In aid Komktee vir vervoer uitgawes na wegwedstryde, 'n bedrag van R8050.							
11. SAGB Heidelberg Gholf Klub Suid-Afrikaanse Gholf ontwikkelingsraad	Gholf Ontwikkelings organisasie Affiliatie by SA gholf en SWD gholf Artikel 21 (NWO)	Johan Erasmus Clinton Logie	082370776719 0829953006 Mall Triangle, De Beers Avenue, Somerset West	18 voltydse werkers 48 deeltidse werkers	Fokus op die bekendstelling van gholf aan jeug van voorheen agtergeblewe areas en skep geleentheid vir jeug om klub lede te raak en sodoende in die Suid-Kaap junior gholf strukture deel te neem	R10 000, vir vervoer na junior toernooie (Vir studente van Heidelberg)	Dokumente aangeheg: 1.Inkomste en Uitgawe Staat 2.Besigheidsplan 3.Begroting 4.Bank bevestiging 5.Registrasie sertifikaat 6.Memo van NWO(Grondwet)

Aanbeveling:

